**Godsdiens help om vrye, demokratiese samelewings te bou**

**Nico Koopman***

Suid-Afrika is 'n sekulêre staat met 'n baie spesiale karakter. Ons maak in ons openbare sfeer plek vir sekulêre, intellektuele, kulturele én godsdienstige sienings. Ons verwelkom die uitdrukking van hierdie verskillende stemme in die openbaar solank dit tot die bou van 'n vry en demokratiese land bydra waar 'n lewe van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal verwesenlik word.

Met die viering van Vryheidsdag op27 April moet ons mekaar ook daaraan herinner dat godsdienstige wêreldbeskouings, geloofsoortuigings en -praktyke van 'n ryk verskeidenheid van godsdienste 'n besondere – en selfs onontbeerlike – rol kan speel in die bou van 'n samelewing wat op die waardigheid van en regte vir almal gegrond is. Die meeste Suid-Afrikaners kleef 'n diversiteit van godsdienste aan.

Godsdiens het 'n drieledige teenwoordigheid in die samelewing, naamlik 'n profetiese teenwoordigheid, 'n priesterlike of pastorale teenwoordigheid en 'n etiese teenwoordigheid.

Profetiese teenwoordigheid word op minstens vyf maniere uitgeoefen. Dit bring mee dat godsdienste ons kan herinner aan die visie van 'n nuwe samelewing waar waardigheid vir almal, genesing vir almal, geregtigheid vir almal, asook vryheid en gelykheid vir almal hoogty vier.

Die profetiese teenwoordigheid van godsdienste beteken voorts dat moedige, ingeligte en regverdige kritiek gelewer word op verskeie vorme van verraad van hierdie visie. Kritiek beteken om te onderskei tussen vordering met die verwesenliking van hierdie visie en die blootlegging van ons versuim om dit te doen. Maar kritiek behels ook selfkritiek. Godsdienste het 'n ambivalente geskiedenis met betrekking tot die beliggaming van menswaardigheid en menseregte. Hulle het beide 'n opbouende en 'n vernietigende rol gespeel, soos blyk uit vorige en huidige godsdienstige regverdigings vir rassisme, seksisme, klassisme, homofobie, vooroordele jeens mense met gestremdhede, ouderdomsdiskriminasie en omgewingsvernietiging.

Toe die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika op 14 April 1994 gestig is, het wyle Nelson Mandela die erediens by die sinode bygewoon. Die ondervoorsitter van die sinode, eerwaarde Sam Buti van Alexandra in Johannesburg, het Madiba verwelkom. Hy het waardering uitgespreek vir sy pa se gekoesterde reis saam met Madiba tydens die bevrydingstryd. Hy het aangedui dat die nuwe kerk die proses van die bou van 'n vry en demokratiese samelewing sal ondersteun. Maar hy het ook daarop gewys dat net soos kerke die apartheidsregering teengestaan het, hulle die inkomende regering sou kritiseer en teenstaan sou die visie van demokrasie verraai word.

Die leierskorps het voorts besluit dat Madiba nie die sinode kon toespreek nie, omdat hy nie as president van Suid-Afrika teenwoordig was nie, maar as leier van een van die politieke partye wat aan die verkiesing op 27 April sou deelneem. Ons was so opgewonde oor Madiba se teenwoordigheid dat dit nie 'n maklike besluit was nie. Met hierdie standpunt het die

sinode aangedui dat kerke ’n impak op die politieke lewe moet hê, maar dat hulle nie spesifieke politieke partye moet bevoordeel nie. Twee weke voor die daeraad van demokrasie het die nuwe kerk duidelike riglyne gebied vir die profetiese teenwoordigheid van kerke in ’n demokrasie.

Die profetiese rol van godsdiens behels ook dat ons die tragiese verhale van pyn vertel, veral die pyn van die mees gemarginaliseerde en kwesbare lede van die samelewing. Ons vertel ook die hoopgewende verhale van genesing en herstel van waardigheid. Wetenskaplike ontleding is nog ’n vorm van profetiese teenwoordigheid. Om ’n visie van ’n nuwe samelewing uit te stippel is nie genoeg nie. Ons moet tegniese en wetenskaplike ontledings gebruik om maniere te soek om die verwesenliking van daardie visie te bevorder.

In een van die eerste interdissiplinêre navorsingsprojekte waarby ek 20 jaar gelede by die Universiteit Stellenbosch betrokke was, het ons teoriebou nagestreef wat die vervulling van sosio-ekonomiese regte bevorder. So ’n tegniese ontleding stel ons ook in staat om die status quo te kritiseer en beperkings op so ’n manier te identifiseer dat oplossings gesamentlik en doeltreffend ontwikkel kan word. Profetiese teenwoordigheid impliseer voorts dat ons ’n impak op openbare debatte en besprekings het; dat ons die openbare mening help vorm; en dat ons konstruktief deelneem aan en ’n impak het op beleidmakingsprosesse in verskeie sektore van die samelewing.

Benewens hul profetiese teenwoordigheid het godsdienste ook ’n priesterlike en pastorale teenwoordigheid in die samelewing. Dit beteken dat godsdienste kan help met die ontwikkeling van kohesie en aanvaarding in ’n samelewing soos ons s’n waar ons, ondanks aansienlike vordering op sommige gebiede, steeds verdeeldheid en vervreemding ervaar. Hierdie priesterlike teenwoordigheid behels dat ons aan die genesing van baie wonde werk – liggaamlike wonde, sielkundige wonde (geestelike wonde, emosionele wonde, motiveringswonde), samelewingswonde, sosio-ekonomiese wonde, ekologiese wonde, morele wonde en spirituele wonde. Die priesterlike teenwoordigheid behels dat ons diversiteit omarm en dat ons, as Suid-Afrikaners van uiteenlopende agtergronde, saam diskriminasie, armoede, geweld, mishandeling, onreg en ontmensliking in verskeie vorme te bowe kom.

Godsdienste se etiese teenwoordigheid in die samelewing beteken dat hulle ons help om menseregte te beliggaam deur ‘ware’ mense te vorm — individue van karakter en burgerlike deug. Karakter beteken dat goeie waardes by ons ingeprent is; dat ons met integriteit leef; dat die goeie wat ons visualiseer en ons begeertes, gedagtes, woorde, besluite, dade en weiering om sekere dinge te doen alles geïntegreer is.

Deugsaamheid beteken dat ons met goeie gewoontes en gesindhede, neigings en intuïsies leef; dat ons die goeie doen sonder om altyd daaroor hoef na te dink. Filosowe soos Aristoteles en teoloë soos Augustinus het gehelp om sewe burgerlike en openbare deugde te ontwikkel waarna ons steeds hunker: openbare wysheid in kontekste van kompleksiteit, dubbelsinnigheid, ambivalensie en pluraliteit; openbare geregtigheid in kontekste van ongelykhede en onbillikheid plaaslik en wêreldwyd; openbare matigheid in kontekste van hebsug en ’n verbruikersgesindheid te midde van armoede en marginalisering; openbare standvastigheid te midde van ervarings van magteloosheid en traagheid; openbare geloof te

midde van gevoelens van disoriëntasie en ontworteling in hedendaagse samelewings; openbare hoop in situasies van wanhoop en swaarmoedigheid; en openbare liefde in samelewings waar soveel mense nie deernis en solidariteit ken nie.

Karakter en deug impliseer dat ons as Suid-Afrikaners aanhou om 'n vry en demokratiese samelewing met sy visie van menswaardigheid en menseregte te bou. Kom ons vier hierdie gedeelde visie op Vryheidsdag.

***Prof Nico Koopman is Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.**